Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Augustus 2024
Evangelisasie – Lukas 10:2-3
25 Augustus 2024

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds. Piet Venter

Ons het verlede week in hf. 20 die laaste troosvolle, heerlike kyk gehad op die geskiedenis van die wêreld tot met die Wederkoms! Die Here het alles aan ons geopenbaar: die heerskappy van Christus staan vas en die finale oordeel oor sy vyande is verseker! Ons gaan saam met Hom deel in die oorwinningsfees!

Van hf. 21 af kyk ons nou net die toekoms in! "Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien! Alles is nuut en anders! Nou wys die Here vir ons iets van die wonderwêreld wat na die Wederkoms op ons wag - 'n wêreld waar God en sy heerlikheid die middelpunt vorm! Die onbeskryflike, heerlike resultaat van sy oorwinning oor ons vyande is die voltooiing van God se herskeppingswerk wat Hy reeds met Christus begin het! Alles gaan radikaal nuut gemaak word tot 'n lewe by God waarvan ons nou niks kan begryp nie!

Daarom - wanneer ons nou verder na Openbaring kyk - moet ons met nog groter nederigheid probeer om die prentjie te verstaan! Ons moet nou nog meer versigtigheid aan die dag lê om die metafore en beelde te interpreteer! Ons het geen benul van die nuwe lewe en skepping waarvan God praat en wat Hy ons wys nie!

Die bedoeling van hierdie grootse en bykans onverstaanbare prentjie is om ons in verwondering tot aanbidding te bring! Nadat Johannes alles gesien het, val hy in aanbidding voor die engel neer wat hom dit alles gewys het, maar die engel wys hom tereg en sê: Aanbid God! Die doel is ook om 'n opgewonde afwagting by ons te skep soos die kerk in Open. 22: 20 uitroep: Kom, Here Jesus!

Ons teksgedeelte (Open. 21: 1 - 8) vorm op 'n manier nog 'n oorgang na hierdie nuwe lewe by God. Vanaf vers 9 gaan dit geheel en al oor die nuwe lewe! Ons sou kon sê dat ons teksgedeelte iets wys van die nuwe wêreld wat op 'n manier nog verbind is aan die bestaande! Die bestaande wêreld word in herinnering geroep in die wyse waarop die nuwe wêreld beskryf! Die doel daarvan is juis om die kontras, die geheel nuwe aard daarvan te beklemtoon.
Kyk: Geen see meer nie! 'n Nuwe kerk! 'n Nuwe manier van saamwees met God! Geen trane, smart en pyn of dood meer nie! 'n

Heerlike versorging deur en gemeenskap met God. Ja, selfs ‘n laaste verwysing na hulle wat aan God ontrou was!
Watter gelowige wat die swaarkry van hierdie wêreld beleef, sal nie verlang na die nuwe wat op ons wag nie?

Tema: Wag getrou op God tot Hy alles klaar nuut gemaak het!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 464: 1, 4; Lied 542: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 1 - 1: 7; Votum; Seën; Loflied Ps. 113 - 1:1, 2; Geloofsbelydenis: laaste paragraaf van artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Ons verootmoedig ons voor God
Wetlesing uit Deut. 11: 1 - 21; Sing as antwoord op die wet: Lied 593: 1, 2; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Openbaring 21: 1 - 8;
Teksverse: Openbaring 21: 1
Sing: Ps. 102 - 2: 8, 10 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing: Sb. 18 - 6: 1, 2, 3, 4, 5; Seën; Amenlied: Sb. 13-1.

AANDDIENS: Ds. Piet Venter

In aansluiting by ons bedieningstema van hierdie maand, fokus ons vanaand op die wyse waarop die Here ons voorberei en toerus om met iemand anders oor die Evangelie te praat. In Matteus 10 rus die Here sy dissipels toe vir dié belangrike taak met die woorde: “Ek stuur julle soos skape onder die wolwe”. Wat sou dit beteken?

Tema: Hoe moet ons in hierdie geloofsvyandige wêreld oor ons geloof praat? Kyk: ek stuur julle in My krag soos skape onder die wolwe.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Lied 485: 1, 2, 3 en Lied 486: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 67 - 2: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 100 – 1: 1, 2, 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 10: 16 - 42; Teks: Matteus 10: 16 - 20
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed; Sing Ps. 96 - 2: 2, 6, 7; Seën; Amenlied Sb13-2.

MEELEWING

- Jan Schutte ondergaan DV 28 Augustus ‘n veloperasie in Klerksdorp.
- Annette Coetsee sterk nog aan in M-Care Hospitaal. Sy het ongelukkig geval en verduur baie pyn.
- Emily Hefer is in Medikliniek opgeneem vir behandeling van gevorderde Parkinsons.
- Boet en Marthie Schoeman se swaer is die afgelope week in ‘n fratsongeluk oorlede.
- Rina Seyffert is vir die afgelope 2 - 3 maande baie siek aan chroniese sinusaanvalle wat haar algehele gesondheidstoestand baie verswak het.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 23
Tee en koffie
17:00 Aanddiens

Maandag
18:00 Kommunikasiedg

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8 - 10

Woensdag
18:00 Katkisasie Katkisasie gr 11
18:30 Studente en jong werkendes Bybelstudie

Donderdag
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Trans-Oranje (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Expando.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 10 en 11.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 26 Augustus
Sr Estette Bredenkamp *

Dinsdag, 27 Augustus
Br Hendrico v Rooyen
Sr Meisie v Wyk *

Woensdag, 28 Augustus
Sr Annari Schutte

Donderdag, 29 Augustus
Sr Monique Venter

Saterdag, 31 Augustus
Br Jacque du Plessis
Sr Fransien vd Walt *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

"GRIEFSHARE" - ROUVERWERKINGSPROGRAM

Ons begin DV Donderdag 5 September weer met 'n volgende siklus van die beradingsprogram "Griefshare", om mense te help om die verlies van geliefdes te kan verwerk. Ons nooi lidmate en mense van buite die gemeente om saam met ons deur hierdie program te kom werk. Dit sal weekliks vir 13 weke aangebied word aan huis van Mariana Plotz, Donderdae om 17:45 vir 18:00 by Vineystraat 9. Skakel met Mariana of ds. Piet, indien jy wil kom deelneem.
Indien daar genoeg belangstelling is vir nog 'n groep op 'n ander tydsgleuf in die week, dan sal ons goeie oorweging daaraan skenk om twee groepe te begelei.

BAIE DANKIE

Liewe Gemeente van Gereformeerde Kerk Potch-Oos

Na ons pa/oupa se 1ste besoek aan dié gemeente, was daar geen twyfel waar hy gaan inskakel nie. Die vriendelikheid, omgee harte en opregte belangstelling van die gemeente was vir hom 'n riem onder die hart. Andries du Plessis het die voorbeeld van sy pa en skoonpa gevolg. Hulle het nie maklik 'n erediens gemis nie. Hulle het altyd grappenderwys gesê dis omdat my oupa sy nuwe kar gekoop het, en die verkoopsagent gesê het: "As Oom een diens mis, dan verval die waarborg".

Ongelukkig het ons pa se kragte hom aan die einde nie toegelaat om al die dienste by te woon nie, maar steeds kon hy inskakel op die internet, en soos sy stembande hom toegelaat het, het hy steeds saam gesing.

Baie dankie vir almal se gebede, boodskappe, liefde, en elkeen wat spesiaal moeite gedoen het om ons pa/oupa te kom groet by die kerk, en vir die besoeke op die plaas en in die hospitaal. Selfs toe ons nie meer mooi kon hoor wat hy sê nie, het julle teenwoordigheid vir hom én vir ons, onbeskryflik baie beteken. Hy het elke groet, besoek en boodskap van bemoediging só waardeer.

'n Spesiale woord van dank aan Ds Pieter en Ds Piet, die Oosdopper- Gebedsgroep, die Kerkraad, Susters en die Klipdrif-wyk.

Al is ons pa/oupa van so baie ontneem, kon niks en niemand hom van sy geloof ontneem nie, en daarvoor bring ons al die lof, dank en eer aan ons SKEPPER HEER.

Met opregte dank en baie liefde van al Driesie se kinders en kleinkinders.

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang

- Ds P (Philip) Hattingh van GK Christiana/Bloemhof na GK Naboomspruit.
- Ds PW (Wouter) Smit van GK Vereeniging na GK Amanzimtoti.

Beroepe bedank

Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Pietermaritzburg

KENNISGEWINGBORD

Vakature: Huis Eikelaan, Finansiële beampte

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Riekie Storm en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

BAIE DANKIE

Liewe Rieëtte, Ma Esta en al die Susters van die Potchefstroom-Oos gemeente

Ons bedank julle uit die diepte van ons harte vir die heerlike verversings met ons pa se begrafnis. Ons kon sien dit was met liefde en sorg voorberei. Baie dankie vir al die reëlings en moeite rondom dit, die voorbereiding, en die aanry uit na die plaas toe. Ons het gróót waardering, en is opreg dankbaar teenoor elke suster van die gemeente wat gehelp het.

Baie liefde
Corné, Pam, H.A. en Surina

KWARTAALPROGRAM

DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
08-Sep	**Sondag**	**19:00**	**D**	**Ouderlingverversings**
15-Sep	Sondag	12:00	C	Nagmaalete
23 Sept - 27 Sept	Week	08:00 en 11:00	Naamlys	Kinderfees

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Student Pieter Deysel – 079 695 0027
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters**
ABSA Bank	ABSA Bank	Capitec Bank
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 470-010

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch